

HOOFSTUK V.

ONDERWYSAANGELEENTHEDE OP STEYNSBURG, 1919 - 1936.

1. Inleiding.

Oor die tydperk 1919 - 1924 kon ek baie min gegewens vind. Die notule van die skoolkommissie van die Gereformeerde Gimnasium oor hierdie jare het verlore geraak en die eerste notule wat ek weer kon kry is die van die kommissie van die C.N.O.-Primêre Skool vanaf 1925, toe die skool deur die Provinsiale Administrasie oorgeneem is. Wat die geskiedenis van die Gereformeerde Gimnasium betref, is daar dus 'n gaping waarvan moeilik rekenskap gegee kan word.

Ook wat die behandeling van onderwysaangeleenthede op Steynsburg deur die Algemene Vergadering van die Gereformeerde Kerke in Kaapland betref, heers daar gedurende hierdie jare 'n stilte. Die Algemene Vergadering het wel die rapporte van die hoof van die Normaal ter tafel gehad, dog dit het oor die gewone sake gegaan en het niks nuuts opgelewer nie. Dieselfde kan gesê word van die werk wat gedurende hierdie jare gedoen is deur die Sub-Kommissie van die Normaal, wat nog steeds tydens die sitting van die Algemene Vergadering vergader het.

Dit is moeilik om sonder gegewens 'n verklaring vir hierdie sonderlinge stilte op die front van die C.N.O.-beweging op Steynsburg te vind. Het dit miskien iets te doen gehad met die verdwyning van die toneel van H.J.J. van der Walt, die man wat vir bykans tien jaar die belangrikste figuur in die C.N.O.-stryd op Steynsburg was? Dit skyn of die skole, gedurende die eerste paar jaar na sy vertrek, maar voortgegaan het soos hy dit gelaat het. Hierdie skynbare stilte was egter van tydelike aard, want spoedig het verwikkelinge mekaar weer vinnig opgevolg.

2. Die amalgamasie van die sekondêre afdelings van die twee skole op Steynsburg.

Nadat die eerste poging van amalgamasie van die

hoër afdelings van die twee skole op Steynsburg aan die begin van 1916 op niks uitgeloop het, is daar in verband met hierdie saak 'n stilswye vir etlike jare, totdat die saak teen die einde van 1920 weer op 'n skoolraadsvergadering van Steynsburg te berde gebring is. Die raad blyk ten gunste van die stigting van so 'n hoërskool te wees soos die volgende besluit duidelik toon: „Die Raad vra die kommissies van die Steynsburg Publieke Skool en die Gimnasium alhier om so spoedig moontlik te oorweeg die kwessie van die oprigting van 'n Hoër Skool te Steynsburg met die verstandhouding dat die twee bestaande skole sal aangehou word as voeding skole vir die Hoër Skool." 1) Gedagtig seker aan die oorsaak waarom die eerste poging grootliks misluk het, nl. die onwilligheid om die primêre afdelings van die twee skole te laat amalgameer, word hier pertinent verklaar dat hierdie poging bloot betrekking het op die hoër afdelings van die twee bestaande skole.

Op 22 November 1920 ontmoet 'n afvaardiging van die skoolraad die Administrateur van Kaapland te Middelburg, K.P. met die doel om skoolaangeleenthede met hom te bespreek. 2) Die stigting van 'n hoërskool op Steynsburg was een van die aangeleenthede en die Administrateur belowe dat die S.G.O. Steynsburg sal besoek om die saak te ondersoek en dat hy (die Administrateur) volgens die aanbeveling van die S.G.O. sou handel. Om die saak te bespoedig vra die skoolraad die S.G.O. baie dringend om Steynsburg 'n besoek te bring na aanleiding van die Administrateur se belofte van 22 November 1920. 3)

Die beloofde besoek van die S.G.O. (dr. W. Viljoen) het eers op 4 April 1922 plaasgevind. Die saak is deeglik met hom bespreek waarna die volgende punte neergelê is as

/basis.....143

1) Notule van die skoolraad van Steynsburg, 23/10/20.

2) Ibid, 15/12/20.

3) Ibid, 5/2/21.

basis waarop gehoop word om 'n hoërskool te verkry.¹⁾

- a) „Die algemene sienswyse is dat die twee skole alhier als primaire skole sal bly voortbestaan en afsonderlik wees.
- b) „Die hoër skool sal 'n aparte skool wees alleenlik vir leerlinge bokant standerd VI.
- c) „Die primaire skool van die Gereformeerde Kerk sal beskou word en word behandel as 'n oefen skool vir die plaatselike Opleiding Skool, en sal onder die skoolraad ingelyf word in terme van artikel 56 van die ordonnan-sie.
- d) „Die statu quo van die Opleiding Skool sal gehandhaaf word.”

Die skoolraad voel dat dit 'n baie goeie basis is. Die S.G.O. sal inspekteur H.J.J. van der Walt vra om 'n rapport op te stel oor die finansiële sy van die onderneming, veral wat betref personeel en geboue, en dit sou van sy rapport afhang of die beoogde hoërskool 'n werklikheid sou word. L. Steytler, L.U.K. is ook teenwoordig en beloof sy ondersteuning. Die S.G.O. wil ten slotte weet of alle partye in Steynsburg die saak sal ondersteun en of die nodige lokale vir die skool verkry sal word, op albei vrae waarop die raad bevestigend antwoord. Op sy vraag wanneer dit wenslik sou wees om met die skool 'n aanvang te neem noem die raad Januarie 1923.²⁾

Die kerkraad van die Gereformeerde Kerk Steynsburg word spoedig na die ontmoeting met die S.G.O. deur sy voorsitter op hoogte gebring van die toedrag van sake. Hy verduidelik naamlik aan die kerkraad dat die hoër klasse van die twee plaaslike skole die hoërskool sou vorm en dat die nuwe skool met sy eie skoolkommissie en hoof onder die skoolraad sou val. Die C.N.O.-skool sou bly voortbestaan tot st.VI en sou volgens artikels 56 en 156 van die onderwyswet 'n

/aparte....144.

1) Notule van die skoolraad van Steynsburg, 4/4/22.

2) Ibid.

aparte skool onder die skoolraad, en sou dien as oefenskool vir die Normaal. Die kerkraad gaan akkoord met hierdie onderhandelings met die S.G.O.¹⁾ word

Dit kom egter baie gou aan die lig dat alle partye op Steynsburg nie bereid was om die saak te ondersteun nie. Op sy vergadering van 27 Mei 1922 is daar 'n brief voor die skoolraad waarin die skrywer namens sekere ouers wat wel ten gunste is van die stigting van 'n hoërskool, beswaar maak op grond van die feit dat dit „die verlagings van die status van die Publieke Skool sou beteken.”²⁾ Dieselfde ouers het blykbaar ook hul beswaar by die S.G.O. ingedien, want die skoolraad ontvang ook 'n skrywe van die S.G.O. waarin hy meld van onenigheid op Steynsburg en sê dat „hy daar niks verder aan gaat doen totdat men eenheid van opinie hier verkry het.” Die skoolraad bespreek die aangeleentheid vryelik waaruit dit aan die lig kom:

- a) Dat ouers van die Publieke Skool en hul skoolkomitee (gedeeltelik) ontevrede is. Die skoolraad besluit om die skoolkomitee en ouers van die Publieke Skool te ontmoet. Hulle sal deur skriftelike kennisgewing op 16 Junie 1922 byeengeroep word.
- b) Die sekretaris sal aan die S.G.O. skryf „dat die raad bly by die ooreenkoms met hom getref omtrent die oprigting van 'n hoërskool en is besig om samewerking te kry van die kant van die ouers van kinders op die Publieke Skool.”³⁾

Op 16 Junie 1922 ontmoet lede van die skoolraad 55 ouers en voogde van kinders van die Publieke Skool i.v.m. die voorgestelde amalgamasie. Dr. C.J.H. de Wet en ds. S. Malherbe verduidelik die doel van die vergadering en gee 'n oorsig van die verloop van sake tot hier. Dit blyk toe dat die ouers nie teen die stigting van 'n hoërskool as sodanig was nie, maar dat hulle „ernstig beswaar maak teen die verlagings van die status van die Publieke Skool, en omdat die

/ouers.....145

1) Kerkraadsnotule Gerief. Kerk. Steynsburg, 8/4/22, art.31.
2) Notule van die skoolraad van Steynsburg, 27/5/22.
3) Ibid.

ouers van hierdie skool nie deur die skoolraad „in hul vertroue geneem is waar so 'n ingrypende verandering moes plaasvind.” 1)

Die volgende voorstel ingedien deur F.W. Weissner en J.A. Vermaak word met 'n meerderheid van stemme aangenem: „Die vergadering van ouers en kinders op die Publieke Skool alhier keur goed die skema neergelê by die ontmoeting van die Superintendent Generaal van Onderwys en die skoolraad van Steynsburg op 4 April 1922, en dring aan by die raad om alle mogelike poginge aan te wend om die hoërskool vir Steynsburg op die lyne so spoedig moegelik tot stand te bring.” 2) Hierna kon die skoolraad aan die S.G.O. die versekering gee dat ook hierdie griewe van die kant van sommige lede van die komitee van die Publieke Skool en van sekere ouers wat daar kinders het, uit die weg geruim is, 3) en is die saak verder gelaat in die hande van die „skoolbestuurskommissie.” Die antwoord van die Administrateur hierop was dat die skema nou goedgekeur is, maar dat gewag sal moet word tot die volgende finansiële jaar. 4)

Intussen het die twee plaaslike skole van die S.G.O. die reg ontvang om, met die oog op die stigting van die hoërskool, aan die begin van 1923 met 'n matriekklas te begin. 5) Dog selfs toe die skoolraad al in die stadium was om 'n hoof en assistente vir die nuwe hoërskool aan te stel uit aansoeke wat ontvang is, was daar nog geen sekerheid oor wanneer die skool 'n aanvang sou neem nie. 6) Hierdie tergende oponthoud en onsekerheid was te wyte aan die feit dat die Provinsiale Raad die nodige geld vir die stigting van die skool nie kon vind nie.

In die geledere van die Gereformeerde Kerk heers

/daar....146

1) Notule van die skoolraad van Steynsburg, 16/6/22.

2) Ibid.

3) Ibid, 22/7/22.

4) Ibid, 16/9/22.

5) Ibid, 20/1/23.

6) Ibid, 16/6/23.

daar onsekerheid m.b.t. die voortbestaan van die Gereformeerde Gimnasium as Kerkskool. Aangesien die stigting van die hoërskool en die daarmee gepaard gaande oorname van die C.N.O.-skool deur die Provinsiale Administrasie so gesloerhet, moes die kerkraad van tyd tot tyd besluit om nog met die onderhoud van die skool voort te gaan.¹⁾ By die lees van die notules kom 'n mens onder die indruk dat die Gereformeerde gemeente van Steynsburg op hierdie tydstip moeg gestry was en reikhalsend daarna uitgesien het dat die Provinsiale Administrasie die C.N.O.-skool moes oorneem. So word by een geleentheid besluit om 'n kommissie te benoem om 'n brief aan die Administrateur en Uitvoerende Komitee te rig „hen beleefd doch ook dringend te versoeken om die school onder art. 56 in te lyf.“²⁾

In Mei 1924 kry die skoolraad opdrag van die Departement om voorlopig stappe te doen dat die skool in Julie begin en die belofte daarby dat die saak van die skool op Steynsburg voorrang sou geniet op die Provinsiale Raad se vergadering in Junie.³⁾ Na aanleiding hiervan tref die skoolraad die volgende maatreëls:

- a) „Dat, by die stigting vanaf 1 Julie 1924 van die Hoër Skool, die Raad die Geref. Gimnasium oorneem met die bestaande kommissie.
- b) „Dat vir die Julie - September kwartaal, die volgende onderwysers aanbeveel word om te ageer als die staf van die Hoër Skool: H.J. Rossouw, Prinsipaal, J.J.A. Pretorius assistent en P.J. van der Merwe, assistent, met die verstandhouding dat die here Rossouw en Pretorius sal bly ageer as prinsipale van die twee bestaande skole.
- c) „Dat die kommissie van die Gimnasium gevra word om 2 assistente af te dank en die van die Publieke Skool een.
- d) „Dat die sekretaris onmiddellik applikasies vra vir die poste op die Hoër Skool als van af Oktober
/kwartaal...147

1) Kerkraadsnotule Geref. Kerk Steynsburg, 16/9/23, art. 18 en 22/9/23, art. 25.

2) Ibid, 22/9/23, art. 25.

3) Notule van die Skoolraad van Steynsburg, 17/5/24.

kwartaal.

e) „Dat enige verdere regelings met betrekking tot die Hoër Skool gelaat word in hande van die Skoolbestuurskommissie." 1)

En die geamalgameerde hoërskool op Steynsburg het vanaf Julie 1924, na bykans vier jaar van stryd en teleurstelling, werklikheid geword. Hiermee moes die Gimnasium nie net sy sekondêre afdeling wat vir soveel jare vertroetel is, afgee nie, dog die laerskool wat oorgebly het, is deur die Departement van Onderwys oorgeneem en het 'n staatsinrigting geword. Ook in die kerkraad van die Gereformeerde Kerk word die beëindiging van die Gereformeerde Gimnasium as kerkskool te boek gestel. Die voorsitter deel mee dat die skoolkommissie van die Gimnasium nou sy werksaamhede afgesluit het. Hy bedank die broers komiteedele en die susters van die gemeente „vir die opoffering waarmee hul hulgetroos het, om die skool sovele jare in stand te hou." 2) Dit beëindig die werk van die skoolkommissie oor 'n lang en moeisame pad.

M.J.L. Pretorius sou die eerste kwartaal ageer as hoof met P.J. van der Merwe en H.J. Rossouw as assistente, terwyl C.J. Olivier ook sou help. Die skool het 'n aanvang geneem met 57 leerlinge in sts. VII en VIII. As permanente hoof is benoem F.E. de Villiers, M.A., met P.J. van der Merwe en M.G. Odendaal as assistente. Indien nodig, sou vanaf die begin van 1925 nog 'n onderwyser benoem word. 3)

Die hoërskool is deur die Departement van Onderwys gecutoriseer as vanaf 1 September 1924, mits die Gimnasium onder die skoolraad sou kom. 4) So word die Gimnasium vanaf Januarie 1925 'n staatsinrigting onder die skoolraad van Steynsburg en word daar op 28 Februarie 1925 om 11 uur in die oggend in die hofsaal deur die ouers 'n komitee vir

/die.....148

1) Notule van die skoolraad van Steynsburg, 17/5/24.

2) Kerkraadsnotule Geref. Kerk Steynsburg, 28/2/25, art. 8.

3) Notule van die skoolraad van Steynsburg, 19/7/24.

4) Ibid, 20/9/24.

die Gimnasium gekies.¹⁾

Die plegtige opening van die hoërskool, wat eers later die naam Paul Kruger Hoërskool sou kry,²⁾ sou plaasvind in Januarie 1925, na welke geleentheid die S.G.O., dr. W. Viljoen, en die here L. Steytler, L.P.R. en M.J. Marais, L.P.R. genooi sou word.³⁾

So moes die C.N.O.-skool, seker nie sonder pyn en hartseer nie, sy sekondêre afdeling afgee, maar die Gereformeerde Kerk was genoodsaak om dit te doen. Die geldelike las het so swaar geword dat dit vir die kerk nie meer moontlik was om die skool langer vir sy rekening te neem nie.

3. Die geskiedenis van die Gereformeerde Gimnasium vanaf 1925 tot 1936.

Vanaf Januarie 1925 word die Gimnasium 'n staatskool. Sy belange sou voortaan ook deur die skoolraad van Steynsburg behartig word en hy sou bestuur word deur 'n skoolkomitee wat op 28 Februarie 1925 op bevel van die skoolraad deur belanghebbende ouers verkies is.⁴⁾ Hiermee tree die skool 'n algehele nuwe fase in sy bestaan in. Waar dit tot hiertoe 'n gesubsidieerde kerkskool was, word dit nou 'n volwaardige staatskool met leerlinge tot st.Vl.

(a) Beheer.

Soos alle ander staatskole sou die Gimnasium nou ook onder die beheer van die plaaslike skoolraad val, terwyl die onmiddellike belange van die skool behartig sou word deur 'n skoolkomitee van sewe lede deur die ouers verkies. Wat die skoolkomitee betref, het hulle met hul werk en toesig oor die skool voortgegaan soos voorheen. Daar word nog steeds kwartaalliks deur lede van die komitee daartoe aangewys besoek by die skool afgelê.⁵⁾ Die verslae wat hierdie

/lede.....149

1) Notule van die skoolraad van Steynsburg, 20/12/24.

2) Ibid, 16/1/26.

3) Ibid, 20/12/24.

4) Ibid.

5) Notule van die skoolkomitee van die C.N.O.-Primêre Skool, 6/4/25.

lede aangaande hul besoeke aan die skool by die skoolkomitee lewer, is heel interessant. Dit handel oor alles en nog wat: oor kinders wat die skool ongereeld bywoon, oor die godsdiensonderrig op skool, oor die netheid van die leerlinge en hul werk, oor skryfborde wat te min is en oor die vlermuise in die dak.¹⁾

Spoedig egter het die skoolraad hierdie praktyk oorgeneem. Die skoolraad het naamlik 'n kommissie benoem om met die verskillende skoolkommissies in die dorp te onderhandel insake gereelde skoolvisitasie. Hierdie kommissie beveel aan dat die skoolraad elke kwartaal twee lede aanwys om die betrokke skool te besoek en veral op die volgende te let:

- a) „Geboue, meubels en skoolgronde of dit in behoorlike orde is.
- b) „Hoe dit staan met Godsdiens onderwys.
- c) „Of die kinders getrou is met die bywoning van die skool gedurende die skoolure en hoe die belangstelling van die ouers in die skool is.
- d) „Nasien van die lyste waar kinders geslaan word deur die hoofonderwyser.
- e) „Ondersoek of die mediese inspekteur se voorskrifte behoorlik uitgevoer word in die skool.
- f) „Navraag na die netheid met boeke en spaarsaamheid van die kinders.“²⁾

Die verskillende skoolkommissies moes hierdie skema vir toepassing op hul betrokke skole goedkeur. Omdat die Gimnasium se komitee gewoon was aan sulke besoeke en dit uit sy eie geledere nog altyd gedoen het, het hierdie komitee geen beswaar daarteen gehad dat die skool gereeld deur lede van die skoolraad besoek sou word nie.³⁾

Ds. D.G. Venter het die komitee van die Gimnasium

/as....150

1) Notule van die skoolkomitee van die C.N.O.-Primêre Skool, 10/12/26.

2) Notule van die skoolraad van Steynsburg, 17/6/26.

3) Ibid, 17/7/26.

as voorsitter gedien tot by die amalgamasie van die twee laerskole in 1936, terwyl die komitee agtereenvolgens deur J.J. Duvenage, J.V. Duvenage en G.van G. (Oubaas) Bekker as sekretaris gedien is.

(b) Geboue.

Toe die Gimnasium deur die skoolraad oorgeneem is, was die skool nog in die oorspronklike skoolgebou gehuisves. Hierdie gebou was die eiendom van die Gereformeerde Kerk van Steynsburg. Toe die skool aan die begin van 1925 deur die Departement oorgeneem is, moes die Provinsiale Administrasie huur betaal vir die gebou wat op £10 per maand vasgestel is.¹⁾

Aangesien die gebou ondoeltreffend en miskien ongerieflik in die middel van die dorp geleë was, het die nuwe skoolkomitee van die Gimnasium dadelik begin agiteer vir 'n nuwe skoolgebou. Op sy eerste vergadering word besluit om die twee Provinsiale Raadslede, die here M.J. Marais en J. Bekker, te nader „om alles in die werk te stel ten einde doelmatige geboue op die bestemde grond vir die bestemde geboue by die skool te kry." ²⁾ Hiervoor word ook die hulp van die skoolraad ingeroep waarop die voorsitter aankondig dat M.J. Marais, L.P.R. reeds gemeld het dat £6,000 vir die doel op die begroting geplaas is.

Aan die begin van 1926 is daar nog geen vordering met die nuwe gebou vir die Gimnasium gemaak nie. 'n Spesiale skoolraadsvergadering, waarop Administrateur A.P.J. Fourie en T.P.N. Coetzee, L.P.R. ook teenwoordig is, word gehou. Onder andere word die ondoeltreffendheid van die gebou van die Gimnasium onder hul aandag gebring. Daar word 'n ernstige beroep op die Administrateur gedoen om die £7,000 wat reeds vir die gebou toegestaan is, op die werkende skedule te plaas.³⁾

/Hierna....151

1) Notule van die skoolraad van Steynsburg, 6/6/25.

2) Notule van die skoolkomitee van die C.N.O.- Primêre Skool, 21/3/25.

3) Notule van die skoolraad van Steynsburg, 16/2/26.

Hierna is die skoolkomitee so vol moed dat 'n geskikte terrein vir die gebou bespreek en aangewys word. Die perseel „reg teenoor Whiley Street aan die agterkant van die twee pastorieë met die voorkant van die gebou na die noorde,“ is as die doeltreffendste beskou.¹⁾ Dis die perseel waarop die sentrale houtwerkkamer en die Normaal se losieshuis later opgerig is. Omdat later meer spesifiek van die „onderste deel van die stuk grond“²⁾ gespreek word, is dit verseker die perseel waarop die houtwerkkamer tans is.

Die skoolraad is voortdurend op hoogte van sake gehou met die vordering wat met die verkryging van die gebou gemaak is. Op die vergadering van 17 Junie 1926 deel die voorsitter die lede mee dat die Provinsiale Raad moontlik met die volgende sitting die geld vir die gebou sal stem en dat die argitek reeds besig is met die opstel van die planne.³⁾ In die verband woon argitek Siemerink die volgende vergadering van die skoolraad by en kry opdrag om 'n plan vir die nuwe Gimnasium-gebou op te trek, bevattende 6 klaskamers met die nodige personeelkamers en ander geboue „en hy werd versoek om te probeer hierdie planne by die einde van die maand te lewer.“⁴⁾ Die voorsitter, J. Bekker, sou eersdaags met die planne na Kaapstad gaan om dit goedgekeur te kry.

Intussen gebeur daar niks. Op 31 Mei 1928 besoek die S.G.O. Steynsburg i.v.m. die hoeksteenlegging van die Normaal-gebou. As hy dan nou weer genader word i.v.m. die nuwe gebou vir die Gimnasium, rapporteer die voorsitter later dat die S.G.O. duidelik laat verstaan het dat die Gimnasium nie moet verwag om meer te kry nie „as net moontlik

/die....152

1) Notule van die skoolkomitee van die C.N.O.- Primêre Skool, 5/10/26.

2) Ibid, 10/5/27.

3) Notule van die skoolraad van Steynsburg, 17/6/26.

4) Ibid, 18/9/26.

die reparasie van die ou skool gebou." 1)

Hiermee tuimel 'n lugkasteel ineen. Van die droom van 'n nuwe gebou vir die Gimnasium het niks gekom nie. Vir 'n paar jaar is daar 'n stilswye oor hierdie aangeleentheid. Eers in 1934 kom dit weer ter sprake as die skoolkomitee kla oor die swak toestand van die skool en die sekretaris opdrag kry om „onder die aandag van die Departement te bring die groot behoefte wat hier ontstaan vir 'n nuwe skool gebou." 2) Ook die skoolraad spreek sy misnoë uit omdat die saak i.v.m. die nuwe gebou vir die Gimnasium so lank sloer en besluit „om die sekretaris las te gee om die Departement te vra dat voorsiening nou moet gemaak word vir hierdie gebou." 3)

Hierdie tweede poging, as ons dit so mag noem, om 'n nuwe skoolgebou vir die Gimnasium te kry, was van korte duur. 'n Poging word deur die skoolraad aangewend om 'n besoek van die S.G.O. aan Steynsburg te kry, dog die besoek is voortdurend uitgestel en al wat gedurig verneem is, was dat die nuwe gebou vir die Gimnasium aandag geniet. Dis egter baie duidelik dat die entoesiasme vir 'n nuwe gebou nog net op Steynsburg bestaan het terwyl die Departement van Onderwys heeltemal anders oor die saak gedink het en 'n ander plan in die mou gevoer het, 'n plan wat die noodsaaklikheid van 'n nuwe gebou geheel en al sou uitskakel.

(c) Die finansies van die Gimnasium Primêre Skool, Januarie 1925 tot Junie 1936.

(i) Inleiding:

Vanaf Januarie 1925 word die Gimnasium Primêre Skool deur die Departement van Onderwys oorgeneem wat 'n groot finansiële verligting vir die Gereformeerde gemeente van Steynsburg beteken het. Die skoolgebou wat die

/eiendom.....153

1) Notule van die skoolraad van Steynsburg, 18/7/28.

2) Notule van die skoolkomitee van die C.N.O.- Primêre Skool, 22/6/34.

3) Notule van die skoolraad van Steynsburg, 15/8/34.

eiendom van die kerk was, is van toe af aan die Departement verhuur teen £10 per maand.¹⁾ Natuurlik het al die meublement en skeikunde-apparaat ook aan die kerk behoort ten opsigte waarvan die skoolraad aanbeveel het dat die Gereformeerde Kerk £274 5s. vergoed sou word.²⁾

Die bedrag wat die kerk vir die huur van die gebou ontvang het, sou aangewend word vir die salaris van 'n ekstra onderwyseres vir die Gimnasium. Die betrekking wat so gevul is, was bekend as die „kerkpos.“ Hiermee is volgehou totdat die kerkraad hierdie vergunning in Junie 1933 gestaak het.³⁾ Die skoolkomitee sou die salaris van hierdie ekstra pos voortaan uit ander bronne moes kry.

(ii) Die kerkpos.

Die kerkpos is nie onmiddellik met die oornamie van die skool deur die Departement in Januarie 1925 geskep nie, maar eers nadat die skoolkomitee dit onder die aandag van die kerkraad gebring het dat dit uiters noodsaaklik is dat daar nog 'n onderwyser op die personeel van die skool sou kom.⁴⁾ Hierdie pos het in Januarie 1926 in werking getree en daarna het die kerkraad van jaar tot jaar die bedrag vir die doel afgestaan.

Dis te begrype dat die dame wat die kerkpos bekleed het se posisie in die skool baie onseker was. Dit kon enige tyd gebeur dat die kerkraad die bedrag mag terughou en dat die pos dan sou verval. Vanselfsprekend was daar voortdurend 'n verwisseling van onderwyseresse in die kerkpos. Daar is dan ook gevoel dat dit net billik sou wees om die onderwyseres wat die kerkpos bekleed 'n kans te gee om op die permanente personeel te kom sodra daar 'n vakature ontstaan waarvoor sy kwalifiseer. Dit het die skoolkomitee daartoe beweeg om die volgende besluit te neem:

/„As.....154

1) Notule van die skoolkomitee van die G.N.O.- Primêre Skool, 19/6/25.

2) Notule van die skoolraad van Steynsburg, 21/2/25.

3) Notule van die skoolkomitee van die C.N.O.- Primêre Skool, 10/7/33.

4) Ibid, 5/9/25 en Kerkraadsnotule van die Geref. Kerk Steynsburg, 19/9/25, art. 3.

„As in die toekomst applikasies inkom van 'n onderwyser of onderwyseres, wat die kerkpos beklee, en goedgekeurde werk gedoen het, en die nodige bevoegdhede besit, die dan voorkeur sal hê vir aanstelling op die vaste staf." 1) Dit het die verwisseling van onderwyseresse in die kerkpos nog meer versnel. Gedurende die depressiejare het die vrees maar gedurig bestaan dat die gemeente die salaris vir die kerkpos mag terugtrek en eindelik is die vonnis gevel. Die gemeente sou die bedrag vanaf Junie 1933 nie meer afstaan nie. 2)

(iii) Die Ekstra pos:

Die skoolkomitee sou die skool egter nie in die steek laat nie. Daarom word besluit dat die salaris van die addisionele onderwyser voortaan uit privaat bronne gevind sal moet word. 3) Na die heropening van die skole vir die derde kwartaal, 1933, vergader die skoolkomitee dan ook om planne te beraam om fondse te verkry om die salaris van die onderwyseres in die kerkpos te betaal. 4) Die skoolkomitee was in 'n moeilike posisie. Dis swaar depressiejare, geld is skaars, en daar was geen fondse om die onderwyseres wat in Julie begin het se salaris mee te betaal nie. Kollektante is in die verskillende wyke aangestel 5) en die komitee openbaar die nodige geloof deur te besluit om die onderwyseres wat dié pos beklee in kennis te stel dat haar dienste ook vir die vierde kwartaal van 1933 benodig sal wees. 6) Nou is die pos wat altyd bekend was as die „Kerkpos” verander na „Ekstra pos.” 7)

Om die fondse vir die salaris van die ekstra pos altyd gereed te hê het groot opoffering en oorleg geverg. J.A. Pretorius is saam met die voorsitter as trusteees van

/die.....155

-
- 1) Notule van die skoolkomitee van die C.N.O.- Primêre Skool, 11/12/29, art. 1.
 - 2) Ibid, 10/7/33, art. 6.
 - 3) Ibid.
 - 4) Ibid, 28/8/33, art. 2.
 - 5) Ibid, art. 3.
 - 6) Ibid, art. 4.
 - 7) Ibid, 3/10/33, art. 5.

die fonds vir die „Ekstra pos” benoem, en in Maart kon hulle aan die skoolkomitee rapporteer dat die fonds 'n batige saldo van 5s. 10d. getoon het.¹⁾

Verder in 1935 gaan dit moeilik. 'n Mens kom onder die indruk dat die skoolkomitee ook moeg is vir die stryd en nie kans sien om langer aan te hou nie. Daarom word besluit dat die L.V. en L.P.R., die here J.F. van G. en H.T. van G. Bekker onderskeidelik, gevra sal word om alles in hul vermoë te doen om die Departement te beweeg om behulpsaam te wees met ^{die} salaris van die onderwyseres in die „ekstra pos.”²⁾

Voordat egter iets hieraan gedoen kon word, is onderhandelinge i.v.m. die amalgamasie van die twee laerskole aangegaan. Hiermee het die „ekstra pos” verval, en toe daar na die amalgamasie in Julie 1936 nog skuld in verband daarmee was, besluit die skoolkomitee op sy laaste vergadering om die kommissie van die Van Rooy Losieshuis-fonds te vra om die skuld te vereffen.³⁾

(d) Die hoofskap en assistente.

Toe die Gimnasium aan die begin van 1925 deur die Provinsiale Administrasie oorgeneem is, was M.J.L. Pretorius die hoof met mansassistent C. Olivier en 'n paar damesassistentes wat gedurig verwissel het. Pretorius het die skool met bekwaamheid en getrouheid gedien, totdat hy in April 1931, kort na H.J.J. van der Walt, oorlede is. Die voorsitter spreek op die eerste vergadering van die skoolkomitee na sy dood as volg oor hom: „Mnr. Pretorius was onder swaar beproewing, baie siekte in sy huis gehad, maar het in sy pos gebly, tot hy nie meer kon staan, en is toe na bed, en het nooit weer opgestaan nie.”⁴⁾

'n Nuwe hoof moes benoem word en die keuse het

/geval....156

1) Notule van die skoolkomitee van die C.N.O.- Primêre Skool, 29/3/35.

2) Ibid, sonder datum.

3) Ibid, 19/6/36.

4) Ibid, 11/4/31.

geval op S.J. van der Walt, en toe hy die benoeming nie kon aanvaar nie, is die tweede keuse, N. Venter, aangestel. Hy aanvaar sy werksaamhede in Julie 1931 en toe die twee laerskole in Junie 1936 amalgameer, het hy 'n betrekking as assistent aan die Paul Kruger Hoërskool aanvaar.

In Junie 1933 word aan C.J. Olivier verlof toegeestaan om vir ses maande te gaan waarneem as hoof van die Laerskool Aliwal-Noord. Hy gee H.S. van der Walt as sy plaasvervanger. Olivier het permanent hoof geword van die skool waar hy gaan waarneem het en Van der Walt was met die amalgameer in 1936 nog verbonde aan die Gimnasium.

(e) Die skool begin kwyn.

Vanaf die begin van 1931 is daar onteenseglike tekens dat dit begin sleg gaan met die skool. Aan die einde van 1930 deel die skoolhoof die skoolkomitee mee dat kennis van die Departement ontvang is dat een onderwyseres op 31 Maart 1931 moes gaan weens die daling van die getalle. Op daardie oomblik het die skool 123 leerlinge gehad terwyl 128 nodig was vir 4 onderwysers. ¹⁾ Ook die skoolraad word dienooreenkomstig in kennis gestel. ²⁾ Die Gimnasium het natuurlik 5 leerkrigte gehad, dog die vyfde een se salaris is deur die Gereformeerde Kerk betaal.

Dis opmerklik dat waar daar in die verlede altyd gebrek aan klaskamers was, een van die klaskamers in die Gimnasium nou leeg staan. Die Departement van onderwys is ook bekommerd hieroor. Hy betaal huur aan die kerk vir die gebou en wil weet wat van die leë kamer, waarop die skoolkomitee besluit om die Departement daarop te wys dat die huur wat vir die gebou betaal word, tog maar gebruik word vir die salaris van 'n onderwyseres. ³⁾ Later is 'n middelmuur uitgebreek en so is 'n ruim klaskamer gekry. ⁴⁾

/In.....157

-
- 1) Notule van die skoolkomitee van die C.N.O.- Primêre Skool, 12/12/30, art. 3.
 - 2) Notule van die skoolraad van Steynsburg, 14/1/31.
 - 3) Notule van die skoolkomitee van die C.N.O.- Primêre Skool, 27/3/31, art. 5.
 - 4) Ibid, 3/4/33, art. 4.

In 1934 is daar weer 'n geringe oplewing en omdat die vereiste getal van 135 leerlinge bereik is, kon 'n addisionele onderwyseres aangestel word. Ons moet die laagwatermerk wat die skool in hierdie jare bereik het, in die eerste plek toeskryf aan die wurggreep van 'n depressie waarin die land geknel was. Daarby moet gevoeg word die feit dat baie ouers ontrou geword het en nie meer die nodigheid gesien het om die skool te ondersteun nie. Ook die feit dat die Gimnasium 'n staatskool geword het, het die belangstelling laat verflou. Vir menige eertydse ondersteuner van die Gereformeerde Gimnasium het die verskil tussen die twee laerskole op Steynsburg nou nog meer vervaag.

4. Die amalgamasie van die twee laerskole op Steynsburg.

(a) Inleiding.

In Junie 1935 het die Steynsburg Primêre Skool, ook bekend as die Publieke Skool, 139 leerlinge gehad en die Gimnasium 143, eersgenoemde met 6 en laasgenoemde met 5 leerkragte.¹⁾ Wat getalle betref, kry ons die indruk dat albei hierdie skole 'n kwynende bestaan maak. Elke skool vra op hierdie tydstip 'n ekstra leerkrag, terwyl daar 'n jarelange stryd aan die gang is om vir die Gimnasium 'n nuwe gebou te kry.

(b) Die skoolraad neem die voortou.

Onder hierdie omstandighede woon inspekteur G.C. Theron die skoolraadsvergadering van 5 Februarie 1936 by. Op hierdie vergadering roer hy die saak van die amalgamasie van die twee skole aan omdat hy van mening is dat die tyd daarvoor ryp is. Hier het hy ook in gedagte dat die hoofskap van die Publieke Skool vakant geraak het.²⁾ Die skoolraad besluit om die saak na die twee betrokke skoolkommissies te verwys. Voorts word besluit om 'n kommissie

/bestaande....158

1) Notule van die skoolraad van Steynsburg, 5/6/35,
2) Ibid, 5/2/36.

bestaande uit die voorsitters van die twee skoolkommissies en die Inspekteur van Skole te benoem om 'n basis van bespreking op te stel en dan met die twee skoolkommissies in aanraking te kom.

(c) Onderhandelings tussen die skoolraad en die twee skoolkommissies.

Dieselfde dag vergader ook die skoolkomitee van die Gimnasium waarop die voorsitter die bogenoemde besluit van die skoolraad aankondig.¹⁾ Die kommissie benoem deur die skoolraad op 5 Februarie het die basis van amalgamasie²⁾ opgestel en op 22 Februarie ontmoet hulle die skoolkomitee van die Gimnasium om dit te bespreek. Nadat inspekteur Theron die basis verduidelik het en nadat die aangeleentheid breedvoerig bespreek is, neem die skoolkomitee die volgende besluit: „Dat die kommissie onder omstandighede amalgamasie aanvaar op basis voorgelê.”³⁾

Dis dan ook op die volgende skoolraadsvergadering gerapporteer dat die komitee van die Gimnasium amalgamasie op die voorgestelde basis aanvaar het.⁴⁾ Die skoolkommissie van die Publieke Skool het amalgamasie as sodanig aanvaar, dog het sekere wysegings m.b.t. die basis van amalgamasie voorgestel. Hulle stel voor dat punt (a) wat betref die naam, bloot moet wees „Die Primêre Skool”, en wat punt (c) betref stel hulle voor „dat die teenwoordige stawwe van die twee skole onder 'n nuwe prinsipaal dien in die geamalgameerde skool. Die nuwe prinsipaal moet deur die nuwe skoolkommissie gekies word.”⁵⁾

Hier word dus beswaar gemaak daarteen dat die geamalgameerde skool genoem sal word na die naam van wyle H.J.J. van der Walt wat so 'n groot rol gespeel het in die C.N.O.-stryd op Steynsburg, en die skoolkommissie sien ook

/nie.....159

1) Notule van die skoolkomitee van die C.N.O.- Primêre Skool, 5/2/36.

2) Kyk basis van amalgamasie, Bylaag D.

3) Notule van die Skoolkomitee van die C.N.O.- Primêre Skool, 22/2/36.

4) Notule van die skoolraad van Steynsburg, 4/3/36.

nie kans om die enigste oorblywende hoof, nl. die van die Gimnasium, as hoof van die geamalgameerde skool te aanvaar nie.

Nadat die skoolraad die verslae oor die onderhandelinge met die betrokke skoolkommissies aangehoor het, is die raad bereid om, wat die naam van die skool betref, af te wyk van die aanbeveling van sy sub-kommissie en beveel aan dat die naam van die skool "Die Eendrag Skool" sal wees. Dog wat die hoofskap betref, het die raad nie 'n ander eerbare weg gesien nie as dat die enigste oorblywende hoof die hoof van die nuwe skool sou word.¹⁾

'n Afskrif van hierdie bevinding van die skoolraad is na elk van die skoolkommissies gestuur en op sy vergadering van 9 April 1936 het die raad die antwoorde van albei ter tafel. Die skoolkomitee van die Gimnasium het die aanbeveling van die skoolraad goedgekeur en het weereens besluit om hulle neer te lê by die basis soos deur die skoolraad neergelê, met die voorbehoud dat amalgamasie nie aangegaan moes word voordat en aler alle geskilpunte nie uit die weg geruim is nie.²⁾

Die Steynsburg Primêre Skool deel egter mee dat hulle amalgamasie sal goedkeur op voorwaarde dat die naam van die skool sal wees "Verenigde Primêre Skool (The United Primary School)". Wat die personeel betref kan hulle bly soos hulle is, "maar hulle moes dien onder 'n nuwe prinsipaal, aangestel deur die nuwe komitee, wat gekies sal word volgens paragraaf (b) in ooreenkoms." Hulle sien nie kans dat die skole onmiddellik in April moet amalgameer nie, aangesien hulle reeds een van die personeellede van die Publieke Skool as tydelike hoof daar aangestel het. Daarom stel hulle voor: "Dat daar onmiddellik applikasies sal gevra word vir die betrekking van prinsipaal van die geamalgama-

/meerde....160

1) Notule van die skoolraad van Steynsburg, 4/3/36.

2) Ibid, 9/4/36 en notule van die skoolkomitee van die C.N.O.- Primêre Skool, 27/3/36.

meerde skool en dat die nuwe komitee wat vir die bogenoemde skool sal dien, so gou moontlik gekies sal word sodat hulle in die loop van hierdie kwartaal die ontvangende applikasies kan behandel en 'n prinsipaal kan aanstel om met sy werk te kan begin na die Junie vakansie." ¹⁾ Hieruit blyk weer dat die komitee van die Publieke Skool ernstig beswaar het teen die naam soos voorgestel deur die raad en teen die aanbeveling dat die hoof van die Gimnasium hoof van die geamalgameerde skool sou word.

(d) Brief van die S.G.O.

Op dieselfde vergadering lees die skoolraad ook 'n skrywe van die S.G.O. gedateer 31 Maart 1936.²⁾ Hierdie brief is heel moontlik aan die skoolraad gerig na aanleiding van besware wat deur die skoolkommissie van die Steynsburg Primêre Skool by hom geopper is. Die brief is baie simpatiek en insiggewend. Die S.G.O. belowe aanvanklik dat hy die twee betrokke skoolkommissies „graag die versekering gee dat(hy) baie ernstige aandag aan (hul) verhoë gegee het." Verder spreek hy sy blydschap uit dat „die beginsel van amalgamasie van die twee bestaande primêre skole feitlik deur alle betrokke partye aanvaar word. Die eerste stap is gedoen en (hy) wil hoop dat (hulle) hierdie besluit nooit weer sal herroep nie." Hy is jammer dat daar nog haakplekke is, dog besef dat waar hier te doen is met twee groepeerders, met hul gevestigde regte, wat nie saamstem nie, dit nie moontlik is om sommer oor hul besware heen te stap nie. En dan gaan hy verder: „In hierdie geval skyn die haakplek te wees die benoeming van 'n hoof vir die verenigde skool. Die voor die hand liggende oplossing sou natuurlik wees om gebruik te maak van die dienste van die een prinsipaal wat u tot u beskikking het." Hy sê dat die Departement nog altyd in die verlede waar amalgamasie plaasgevind het, albei

/hoofde....161

1) Notule van die skoolraad van Steynsburg, 9/4/36.

2) Brief van die S.G.O., dr. W. de Vos Malan aan die skoolraad van Steynsburg, gedateer 31/3/36.

hoofde in die nuwe skool opgeneem het. „En waar slegs met een prinsipaal rekening gehou moet word, is die reëling van sake gewoonlik soveel makliker." Dis dus jammer dat dit wat die saak op Steynsburg moes vergemaklik juis die struikelblok is.

Die S.G.O. doen dan ten slotte in sy brief die volgende aan die hand:

- 1) „Die finale beslissing oor die prinsipaalskap te laat totdat u oorgegaan het om 'n skoolkomitee vir die nuwe skool volgens ooreenkoms, saam te stel. Die komitee kan dan besluit.
- 2) „Venter word dadelik permanente assistent en waarnemende prinsipaal van die nuwe skool.
- 3) „As waarnemende prinsipaal kry hy die salaris waarop die geamalgameerde skool se hoof geregtig is.
- 4) „As hy assistent word, sal hy sy salaris van sy ou betrekking behou ingeval hy nie slaag om hoof van die nuwe skool te word nie.
- 5) „Die Departement sal berus, terwille van die saak, by die uitspraak van die komitee en hy vertrou die skoolraad ook." 1)

In die lig van die besluite van die twee skoolkomitees en die brief van die S.G.O. bespreek die skoolraad die saak weer in besonderhede en stuur nogeens sy bevindinge aan die komitees, wat begin met: „Die Raad vertrou saam met Sy Edele dat op die beginsel van amalgamasie nie teruggegaan sal word nie." 2) In verband met die benoeming van die hoof stem die raad geheel saam met die plan van die S.G.O. Die raad sien egter nie kans om onvoorwaardelik te berus by die besluit van die komitees nie, al wil die raad sy algehele medewerking verleen, „maar moet terwille van sekere gevalle in die verlede en met die oog op soortgelyke gebeurlikhede daarna sy oordeel onthou tot sodanige tyd as wat hy alle gegewens tot sy beskikking het." 3)

/Die.....162

1) Brief van die S.G.O. aan die skoolraad van Steynsburg, 31/3/36.

2) Ibid.

3) Ibid.

Die skoolraad is baie versigtig en beveel aan „dat die saak van amalgamasie finaal moet besleg word alvorens aanvang gemaak word met die voorgestelde basis van amalgamasie.”

Die raad dring dus by die Departement daarop aan „om dadelik uitvoering te gee aan die skoolraad se besluit van 4 Maart j.l.” 1)

Aangesien die komitee van die Steynsburg Primêre Skool voet by stuk gehou het en hom nie wou neerlê by die basis van amalgamasie soos neergelê op 22 Februarie nie, moes 'n ander weg gevolg word, want die S.G.O. was nie van plan om amalgamasie in werking te stel voor en aler alle punte van verskil nie uit die weg geruim is nie.

(e) Die finale basis aanvaar.

Op 9 Mei 1936 ontmoet inspekteur Theron die komitee van die Gimnasium weer en lê aan hulle 'n nuwe basis van amalgamasie, deur hom opgestel, voor.²⁾ In die nuwe en finale basis³⁾ is 'n oplossing gevind vir die twee stryd-vrae, nl. die naam en die hoof van die geamalgameerde skool. Die nuwe basis beveel aan dat die naam van die skool sal wees „'n gepaste naam, gekies deur die Superintendent Generaal van Onderwys, wat die gebeurtenis sal weergee.” Die artikel wat handel oor die hoof lui as volg: „Die skoolkommissie van die geamalgameerde skool sal so spoedig moontlik gekies word na die in werking tree van die skool en sal die aanstelling van die prinsipaal op die gebruikelike wyse doen.”

Die nuwe basis word deur die komitee van die Gimnasium met algemene stemme aanvaar.⁴⁾ Te oordeel na gegewens uit die notules wat die verloop van die hele aangeleentheid van amalgamasie weergee, moet ons waardering uitspreek vir die waardige wyse waarop hierdie delikate saak

/deur.....163

-
- 1) Notule van die skoolraad van Steynsburg, 9/4/36.
 - 2) Notule van die skoolkomitee van die C.N.O.- Primêre Skool, 9/5/36.
 - 3) Kyk Bylaag E vir finale basis.
 - 4) Notule van die skoolkomitee van die C.N.O.- Primêre Skool, 9/5/36.

deur die skoolkomitee van die Gimnasium behartig is. Vir hulle was dit seker nie maklik om die deure van die C.N.O.-skool vir goed te sluit nie, dog hulle was nooit onbillik in hul eise aan die Departement t.o.v. amalgamasie nie en hulle was selfs gewillig om regte prys te gee terwille van die saak.

Die onaangenaamheid wat die aanstelling van 'n hoof vir die nuwe skool noodwendig moes meebring met die destydse hoof van die Gimnasium as sollisitant, is die komitee ook gespaar. Terwyl op die skoolraadsvergadering van 20 Mei 1936 gerapporteer word dat die skoolkommissies ooreengekom het oor amalgamasie, word ook aangekondig dat die hoof van die Gimnasium 'n assistentsbetrekking aan die Paul Kruger Hoërskool aanvaar het.¹⁾

Hiermee is die saak finaal beklink. Die geamalgameerde skool sou op 13 Julie 1936 'n aanvang neem. Op 22 Augustus sou 'n nuwe komitee vir die skool gekies word, terwyl die skool intussen onder beheer van die bestuurskomitee van die skoolraad geplaas sou word. Daar sou dadelik aansoeke vir 'n hoof gevra word en die naam van die skool, soos bepaal deur die S.G.O. sou wees Unie Primêre Skool.²⁾ As eerste permanente hoof vanaf 1 Januarie 1937 is benoem C.J. van Heerden.³⁾

Seker met gemengde gevoelens hou die komitee van die Gimnasium sy laaste vergadering op 19 Junie 1936. Nadat formele sakies afgehandel is, is dit asof die komitee 'n laaste besluit oor sy laaste besitting neem. Daar word naamlik op aanbeveling van die voorsitter besluit om die skoolraad te vra om die notuleboek van die komitee van die C.N.O.- Primêre Skool aan die Gereformeerde Gemeente vir bein sy argiewe te skenk.⁴⁾ Ook dra die komitee dit aan die

/voorsitter...164

1) Notule van die skoolraad van Steynsburg, 20/5/36.

2) Ibid, 15/7/36.

3) Ibid, 23/10/36. C.J. van Heerden is tans hoof van die Laerskool Dirkie Uys Moorreesburg.

4) Notule van die skoolkomitee van die C.N.O.- Primêre Skool, 19/6/36.

voorsitter en sekretaris op om 'n skrywe aan die kerkraad te rig waarin die Gereformeerde Kerk van Steynsburg bedank word vir sy ondersteuning al die jare.¹⁾ Aangesien daar nie weer 'n vergadering gehou is nie, is die laaste notule deur die voorsitter en sekretaris, ds. D.G. Venter en G. van G. Bekker, gelees en geteken.

Die versoek dat die notuleboek van die komitee aan die Gereformeerde Kerk vir bewaring geskenk moet word, is deur die skoolraad toegestaan. So is ook die notuleboek van die Steynsburg Primêre Skool vir bewaring aan die kerkraad van die Nederduits Gereformeerde Kerk van Steynsburg oorhandig.²⁾

5. Die Normaal word 'n staatsinrigting.

(a) Inleiding.

Reeds in 1924 is daar al sprake om die studiekursusse aan die Normaal uit te brei. In sy verslag aan die Algemene Vergadering van daardie jaar bepleit die hoof die noodsaaklikheid dat opleiding in die „Primêr Hoër (O.T. (O.T.2) Sertifikaat" gegee moet word.³⁾

Op die volgende jaar se vergadering kom die uitbreiding weer ter sprake. Almal voel dat dit noodsaaklik is om die Primêre Hoër kursus in te stel, want sodoende kon matrikulante ook vir opleiding na die Normaal kom. Dit sou beteken dat die Normaal 'n addisionele onderwyser sou moes kry. Die Sub-Kommissie vra ook die morele ondersteuning van die skoolraad van Steynsburg vir die uitbreiding en dit blyk dat die skoolraad die saak baie goed gesind is want hy beloof sy ondersteuning en sal „in die lyn aan die Departement skryf." 4)

(b) Die Primêre Hoër kursus word aan die Normaal ingestel.

Die Departement van Onderwys het toegestem dat

/die.....165

1) Kyk Bylaag F vir hierdie skrywe.

2) Notule van die skoolraad van Steynsburg, 2/9/36.

3) Notule van die Sub-Kommissie, 5/3/24, art. 3.

4) Notule van die skoolraad van Steynsburg, 1/8/25.

die O₂ kursus vanaf die begin van 1926 in die Steynsburgse normaal ingestel sou word. Daar is dadelik 10 studente vir hierdie kursus ingeskryf en dit het natuurlik die status van die skool verhoog.¹⁾ Vir hierdie uitbreiding van die kursusse was daar vanselfsprekend 'n addisionele onderwyser nodig, en die Algemene Vergadering word genader om nog £70 hiervoor by te dra.²⁾

(c) Die Onderwysdepartement gevra om die Normaal oor te neem.

Omstandighede het dit vir die Gereformeerde Kerk in Kaapland, wat die Normaal tot hiertoe met staatsubsidie onderhou het, onmoontlik gemaak om verder te gaan. Die uitbreiding van die kursusse het die finansiële las nog swaarder gemaak. Die hoof het beraam dat daar in 1927 nog £130 vir 'n addisionele onderwyser van die kerk gevra sal moet word.³⁾ Daarby kom nog dat 'n doeltreffende gebou vir die Normaal nou gebiedend noodsaaklik geword het. Onder sulke primitiewe omstandighede kon die toekomstige onderwysers(esse) onmoontlik nie meer hul opleiding ontvang nie. Die verlangde gebou sou ongeveer £5,000 kos.⁴⁾

Na aanleiding van die bogenoemde faktore besluit die Sub-Kommissie op sy vergadering van 21 April 1926 om „met die Departement van Onderwys te onderhandel ons Opleiding Skool oor te neem kragtens artikels 148 en 149 van die onderwys ordonnansie 1922, op voorwaarde:

- a) dat die bestuur van die skool in die toekoms sal bly soos dit tot hiertoe was;
- b) dat die Departement ons 'n skoolgebou sal laat kry vir ongeveer £5,000;
- c) dat die gemelde bestuur, nl. die kommissie van die Algemene Vergadering, sal sorg dat die Godsdiensonderwys sal voortgaan soos in die verlede." ⁵⁾

/Hierdie....166

1) Notule van die Sub-Kommissie, 6/3/26, art. 2.
2) Ibid.
3) Ibid, 21/4/26, art. 2.
4) Ibid.
5) Ibid, art. 3.

Hierdie vergadering van die Sub-Kommissie waarop J. Bekker, L.P.R., ook teenwoordig was, het juis in Kaapstad plaasgevind, met die gevolg dat daar op staande voet met die Administrateur, A.P.J. Fourie, en P.S. Duffet namens die Onderwysdepartement onderhandel is.¹⁾

Na aanleiding van die onderhoud rig ds. D.G. Venter, voorsitter van die Sub-Kommissie, 'n skrywe aan die S.G.O. gedateer 22 April 1926.²⁾ In hierdie brief berig die Sub-Kommissie dat hulle oorweeg het om die Opleidingskool aan die beheer van die Departement volgens bepaling 148 van die Gekonsolideerde Onderwysordonnansie oor te dra. Die kommissie is van oordeel dat die oordrag die welvaart van die skool sal bevorder, „maar is baie begerig dat, in die geval van sodanige oordrag, die tradisies en spesiale karakter van die skool nie verlore sal gaan nie.“ Voordat : besluit sou word, wil die kommissie graag die volgende van die Departement verneem:

- 1) „of die Departement gewillig sal wees om die skool onder sy beheer te neem, en om dit te onderhou soos neergelê in afdeling 148 van die Gekonsolideerde Onderwys Ordonnansie;
- 2) „of, in geval van sodanige oordrag, en in geval die Gereformeerde Kerk K.P. sig verbind om 'n som van minstens £150 per jaar in te samel en te administreer vir beurse aan student onderwysers aan bogenoemde skool, die Departement gewillig sal wees om sy mag om die komitee aan te stel aan die Gereformeerde Kerk K.P. sal oordra;
- 3) „of sodanige oordrag op 1 April 1926 in werking kan tree.“³⁾

Dis opmerklik dat die Sub-Kommissie direk vra dat die Departement die Normaal onder afdeling 148 van die Gekonsolideerde Onderwyswet van 1921 moet oorneem. Hierdie besondere artikel gee aan die Administrateur die reg om

/sulke.....167

-
- 1) Notule van die Sub-Kommissie, 21/4/26, art. 3.
 - 2) Brief van die voorsitter van die Sub-Kommissie aan die S.G.O., gedateer 22/4/26..
 - 3) Ibid.

sulke inrigtings te stig en in stand te hou. Dit sal dan val onder die beheer van die S.G.O. en hy sal die reg hê om 'n plaaslike adviserende komitee te benoem om beheer oor die inrigting uit te oefen volgens magte wat hy aan so 'n komitee mag toesê.¹⁾ Dis eintlik hierdie deel van die artikel wat vir die Sub-Kommissie aantreklik was omdat die gedagte was dat dieselfde Sub-Kommissie van die Algemene Vergadering ook voortaan beheer oor die belange van die Normaal moes hê.

In 'n skrywe gerig aan ds. D.G. Venter, gedateer 18 Mei 1926, antwoord die S.G.O., dr. W.J. Viljoen as volg op die vrae aan die Departement gerig: ²⁾

- 1) „dat die Departement bereid is om die Steynsburg Opleidingskool onder sy beheer te neem en in stand te hou onder die bepalinge van artikel 147 van die Gekonsolideerde Onderwysordonnansie;
- 2) „dat, terwyl ek as S.G.O. nie bevoeg is om die mag my deur die wet verleen tot aanstelling van plaaslike adviserende kommissies, aan die Gereformeerde Kerk af te staan nie, ek egter steeds die Gereformeerde Kerk sal raadpleeg alvorens enige lid of lede van sodanige kommissie aangestel word, daar dit my ernstige begeerte sal wees, ingeval die Opleidingskool onder die Departement kom, om sy tradisies en spesiale karakter te handhaaf; en
- 3) „dat daar g'n moeilikheid voorsien word om die verandering van 1 April tot stand te bring nie.”

Dis opmerklik dat, waar die Sub-Kommissie pertinent vra dat die Normaal onder artikel 148 van die wet oorgeneem moes word, die S.G.O. juis meld dat dit onder artikel 147 sou geskied. Laasgenoemde artikel bepaal dat die S.G.O. die reg sal hê om die kursusse van so 'n inrigting sal bepaal,³⁾ en die noem van hierdie besondere artikel skep die indruk dat hy juis beheer wou uitoefen oor die kursusse wat in die Normaal op Steynsburg gevolg sou word.

Die Sub-Kommissie wil voorts duidelikheid hê

/oor.....168

1) Gekonsolideerde Onderwysordonnansie van 1921, art. 148.
2) Brief van die S.G.O., dr. W.J. Viljoen, aan die voorsitter van die Sub-Kommissie, ds. D.G. Venter, 18/5/26.
3) Gekonsolideerde Onderwysordonnansie van 1921, art. 147.

oor die bepaalde artikel waaronder die Normaal oorgeneem sou word, of die £150 per jaar deur hom verskaf erkenningsreg aan die Gereformeerde Kerk sou gee en of die teenswoordige kommissie erken sou word.¹⁾ Die Sub-Kommissie ontvang die finale beslissing van die Departement in 'n skrywe van die S.G.O. gedateer 7 September 1926.²⁾ Die Departement sou die Normaal vanaf 1 April 1926 oorneem, soos duidelik blyk uit die eerste paragraaf van die brief: „In accordance with the Executive Committee's decision the Steynsburg Training School will now, in terms of section 148 of the Consolidated Education Ordinance of 1921, come under the control of this Department as from 1st April 1926.”

Die brief meld verder dat die Departement die salarisse van die hoof en twee assistente sal betaal, en dat 'n plaaslike adviserende komitee bestaande uit di. J.G.H. van der Walt, D.G. Venter en D. Postma benoem sal word om beheer oor die inrigting uit te oefen.

Op sy eerste vergadering na die oornome van die Normaal deur die Departement van onderwys, rapporteer die voorsitter dat die S.G.O., dr. W.J. Viljoen skriftelik be- loof het om die tradisies en karakter van die skool te hand- haaf, dat die kommissie van die skool met raadpleging van die kerk aangestel sal word, dat die kerk onderneem om jaar- liks £150 vir beurse by te dra, dat die skool 'n volle per- soneel vir O₂ en O₃ sal kry en dat 'n moderne verdieping- gebou van £8,000 vir die skool belowe is.³⁾ By die geleent- heid het die kommissie die oornome dan ook finaal goedge- keur.⁴⁾

So het die Normaal dan vanaf April 1926 'n vol- waardige staatsinrigting geword. Die Gereformeerde Kerk van Kaapland wat jaarliks £1,000, volgens getuienis van die voorsitter van die Sub-Kommissie, moes bestee aan die in-

/standhouding...169

1) Notule van die Sub-Kommissie, 28/5/26, art. 2.

2) Brief van die S.G.O. aan die Sub-Kommissie, 7/9/26.

3) Notule van die Sub-Kommissie, 21/1/27, art. 3.

4) Ibid, art. 4.

standhouding van die Normaal,¹⁾ is van hierdie finansiële las onthef, terwyl die kerk, kragtens die samestelling van die Adviserende Kommissie²⁾ nog 'n wakende oog oor die karakter van die inrigting kon hou. Voortaan sou die kerk se finansiële verpligtinge beperk wees tot 'n bedrag van £150 vir studiebeurse.

(d) Geboue.

Ons het gesien dat die ondoeltreffendheid van die gebou waarin die Normaal gehuisves was en die noodsaaklikheid van 'n nuwe gebou 'n belangrike faktor was wat aanleiding gegee het tot die oorname van die Normaalskool deur die Departement van Onderwys in April 1926. Met die oorname is die oprigting van 'n gebou dan ook deur die Departement in vooruitsig gestel. Hierin het die Departement woord gehou, met voorbereidingswerk is dadelik 'n aanvang geneem en op 31 Mei 1928 is die hoeksteen deur die S.G.O., dr. W.J. Viljoen gelê. Op 15 Oktober 1928 kon die Normaal die ou „Pink Skool” verlaat en sy intrek in die nuwe gebou gaan neem.³⁾ Wat 'n weelde moes dit nie vir die personeel en studente gewees het nie! Die kerkraad het die ou gebou verander in 'n woonhuis en dit is sedertdien daarvoor verhuur.⁴⁾

(e) Finansies vanaf April 1926.

(i) Die Van Wyk-fonds:

Op die jaarlikse vergadering van die Sub-Kommissie gehou te Barkly-Oos op 5 Maart 1924, kondig ds. D. Postma aan dat 'n lidmaat van Burgersdorp, wyle S.J. van Wyk van die plaas Bloemhof, £400 in sy testament vir die Normaalskool nagelaat het.⁵⁾ Op die vergadering van die volgende jaar deel ds. Postma mee dat die bemaking £616 is,

/omdat.....170

1) Notule van die Sub-Kommissie, 21/1/27, art. 1.
2) Ibid, art. 4.
3) Uit die verslag van die Hoof van die Normaal aan die Part. Sinode in sitting te Colesberg, Maart 1929.
4) Notule van die Geref. Kerk Steynsburg, 1/12/28, art. 7.
5) Notule van die Sub-Kommissie, 5/3/24, art. 5,

omdat die boedel meer opgelewer het as wat aanvanklik verwag is.¹⁾ Die betrokke artikel in die boedel van Van Wyk lees as volg: „Aan de School van de Gereformeerde Kerk te Steynsburg de som van £400," en dan verder: „...als myn boedel meer zal uitmaken dan bovengemelde bemaakte sommen, dan zal een ieder der legaten evenredig, of proportioneel meer toegekend worden als bovengemelden sommen zodat het geheel restant van myn boedel onder bovengenoemde legaten zal verdeeld worden." 2)

Die kommissie het die bedrag met dank aanvaar en besluit „dat dit alleen deur ons gebruik sal word vir ons Opleiding Skool vir onderwysers(esse) as 'n skool van ons kerk, en vir solank as ons skool nie van karakter sal verander nie." 3) Verder lê die Sub-Kommissie vas dat, indien die skool miskien van karakter mag verander, „die som, of wat daarvan nog oor is, onder die beheer van die Kuratore van ons Teologiese Skool te Potchefstroom gestel word vir die bepaalde doel van opleiding van onderwysers van ons kerk." 4)

Waar die skool nou juis op die punt gestaan het om die O₂ kursus in te stel, het die rente van hierdie fonds baie goed te pas gekom, aangesien dit gebruik kon word om die salaris van 'n ekstra onderwyser te help betaal. Dit is egter net vir die eerste kwartaal van 1926 gedoen en nadat die Normaal in April 1926 'n staatsinrigting geword het en die personeel deur die Provinsiale Administrasie besoldig is, kon die rente van die Van Wyk-fonds vir ander doeleindes gebruik word. Intussen is die fonds met £100 versterk. Hierdie laaste bedrag het die skool toegekome uit die boedel van wed. Beette van Elliot,⁵⁾ met die gevolg dat die fonds in 1930 £700 bedra het.

Daar was voortdurend misverstand tussen die Sub-

/Kommissie...171

-
- 1) Notule van die Sub-Kommissie, 7/7/25, art. 2.
 - 2) Geneem uit 'n afskrif van die oorspronklike testament.
 - 3) Notule van die Sub-Kommissie, 7/7/25, art. 2.
 - 4) Ibid.
 - 5) Ibid, 23/1/30, art. 6.

Kommissie en die Departement oor die Van Wyk-fonds, omdat die Provinsiale ouditeur beswaar gemaak het omdat dié fonds nie deur die boeke van die penningmeester sou gegaan het nie. Die kommissie daarenteen was van mening dat dié geld deur lidmate van die Gereformeerde Kerk aan die skool geskenk is en dat die Departement daar niks mee te maak het nie.¹⁾ Later het die kommissie verneem dat die Departement tevrede is met die reëlings i.v.m. die Van Wyk-fonds, op voorwaarde dat, as die Partikuliere Sinode se boeke ge-ouditeur word, 'n sertifikaat van hoe die fonds bestee is aan die Provinsiale ouditeur getoon moes word.²⁾

In 1932 torring die Departement weer aan die fonds. Hy is tevrede dat die fonds aan die kerk behoort, dog wil bewyse hê dat die rente aan die skool bestee word. Die Departement vra 'n afskrif van die testament wat die kommissie geredelik stuur, „sonder dat ons erken dat hulle enige seggingskap het op die legaat.”³⁾ Die rente van dié fonds is dan ook tot aan die einde van die bestaan van die Steynsburgse Opleidingskollege gebruik om behoeftige studente met hul studies te help.

(ii) Finansiële hulp aan studente:

Met die oornome van die Normaal deur die Departement van Onderwys in 1926 belowe die Gereformeerde Kerk om jaarliks £150 beskikbaar te stel en te administreer vir beurse aan behoeftige studente. Hierdie aanbod het die Gereformeerde Kerk gemaak met die doel om die beherende mag oor die inrigting te behou, want as die aanbod gemaak word vra die Sub-Kommissie van die Normaal „of die Departement gewillig sal wees om sy mag om die komitee aan te stel aan die Gereformeerde Kerk K.P. sal oordra.”⁴⁾ Die kerk het sy belofte nagekom en die bedrag is jaarliks in die vorm van

/£10 beurse...172

1) Notule van die Sub-Kommissie, 23/1/30, art.6.

2) Ibid, 6/3/31, art.4.

3) Ibid, 26/3/32, art. 4.

4) Brief van die Sub-Kommissie aan die S.G.O. gedateer 22/4/26.

£10 beurse aan studente toegeken.

Die Departement het lenings van £30 per jaar aan studente toegeken. Tot 1932 was hierdie lenings onbeperk, sodat elkeen wat aansoek gedoen het, dit gekry het. Vanaf die begin van 1933 was hierdie lenings beperk toe die hoof „die ontstellende nuus in 'n kennisgewing van die Departement kry dat Steynsburg vir 1933 net 8 lenings van £30 elk sou kry.“¹⁾ Dit was die jaar van die groot depressie toe die Normaal sy grootste getal eerstejaar-studente in sy geskiedenis, nl. 37 ontvang het en die hoof het toe al aan 24 applikante elk £30 per jaar belowe.²⁾ Die Departementele beurse is in halwes verdeel en planne moes bereaam word om die studente wat dit nodig gehad het te help.³⁾

(f) Die groei van die Normaal vanaf Januarie 1926.

In Januarie 1926 is die Steynsburgse Normaalskool verhef tot 'n Opleidingskollege waar van toe af onderwysers vir die Primêre Laer en die Primêre Hoër Onderwyserssertifikaat opgelei is.⁴⁾ Eersgenoemde was 'n tweejarige kursus na die Juniorsertifikaat en laasgenoemde 'n tweejarige kursus na die Seniorsertifikaat. Die personeel het nou uit drie lede bestaan, nl. J.H. Aucamp, die hoof en twee dames, A.K. Auret en A.C. Niehaus.

In Januarie 1927 begin die Kollege met vier leerkragte toe J. Aucamp lid van die personeel word, en ongeveer 40 studente word verwag.⁵⁾ Aan die einde van 1929 is albei die bestaande kursusse afgeskaf en het in hul plek die Primêre Onderwyserssertifikaat met Matrikulasie of die Seniorsertifikaat van die Kaapse Onderwysdepartement as toelatingsvereiste gekom. In 1931 word die eerste poging aangewend om 'n spesiale kursus aan die Normaal te kry.

/Die.....173

1) Outobiografie van J.A. Pretorius, p. 98.

2) Ibid.

3) J.A. Pretorius, destyds hoof van die Normaal, het uit sy privaat fondse £455 aan studente geleen. Nadat die studente betrekings aanvaar het moes hulle hierdie lenings terug betaal. Pretorius verklaar in sy outobiografie dat hy geen pennie skade gely het nie.

4) J.A. Pretorius, Geskiedkundige oorsig van die Kollege.

5) Notule van die Sub-Kommissie, 21/1/27, art. 1.

Die hoof rapporteer aan die Sub-Kommissie dat die moontlikheid om 'n Huishoudkundekursus te kry, skraal is, daarom probeer hy om 'n spesiale kursus in die Kleinkinderskool-onderwysersertifikaat te kry. Hiervan het niks gekom nie en die Kollege moes nog etlike jare wag vir 'n derdejaarkursus.

J.H. Aucamp, wat die Normaal vir soveel jare, eers as assistent en vanaf 1918 as hoof gedien het, word aan die einde van 1931 bevorder tot inspekteur van skole.¹⁾ Nadat J. Aucamp gedurende die eerste kwartaal van 1932 as hoof waargeneem het en H.J.J. Bingle²⁾ tydelik as assistent diens gedoen het, is J.A. Pretorius M.A., P.H.O2., LL.B., as hoof benoem vanaf 1 April 1932.³⁾ Pretorius aanvaar die hoofskap onder baie moeilike omstandighede. Die totale inskrywing van die Kollege is in hierdie stadium 35. En dan vertel hy: „Ek was nouliks enige weke hier of ek ontvang van die Departement 'n brief dat die inskrywing een student onder die vereiste vir Opleidingskolleges was en dat as ek nie daarin slaag om 'n student te werf, die Kollege in Desember 1932 gesluit sou word.“⁴⁾ Die nuwe hoof slaag daarin om die 36ste student te kry en die Kollege is weer gered tot aan die einde van 1932.⁵⁾

Aan die begin van 1933 verwelkom die Kollege sy rekord aantal eerstejaar studente, nl. 37.⁶⁾ Hierdie toestroming van studente na die Kollege was 'n verrassing nadat die Departement die vorige jaar gedreig het om die inrigting te sluit as gevolg van 'n te lae inskrywing. Die groot aantal nuwelinge van 1933 moet toegeskryf word aan die ywer waarmee die hoof met propaganda en advertensie

/studente....174

-
- 1) Notule van die Sub-Kommissie, 11/12/31, art. 2.
 - 2) H.J.J. Bingle is tans Dekaan van die Fakulteit van Opvoedkunde aan die P.U. vir C.H.O.
 - 3) Notule van die Sub-Kommissie, 11/12/31, artt. 2 en 4.
 - 4) Outobiografie van J.A. Pretorius, p. 96.
 - 5) Ibid.
 - 6) Ibid.

studente gewerf het en as gevolg van die greep van depressie waarin die land geknel was. Vir die leerling wat sy skooleindeksamen afgelê het, was daar geen heenkome en die Opleidingskollege het 'n betreklik kort en goedkoop opleiding aangebied.

Die toestroming van studente na die Opleidingskolleges het die gevolg gehad dat die aanvraag om onderwysers baie gou laer was as die getalle wat die Kolleges gelewer het. Studente wat gekwalifiseer het kon nie betrekkings kry nie en die Departement moes ingryp. Daarom word die adviserende liggaam teen die einde van 1933 in kennis gestel dat die Steynsburgse Opleidingskollege se kwota vasgestel is op 40 studente, 20 in elke klas, met 'n minimum van 36. Hierdie kwota is gehandhaaf tot 1936.

Vandat die Primêre Onderwysersertifikaat-kursus in 1930 ingestel is, het die personeel van die Kollege uit die hoof en twee assistente bestaan.

.....oooOooo.....